CANOLAFOKUS

Mondstuk van die canolawerkgroep



Des 2025 No. 124

# CANOLA KULTIVAREVALUASIE: WES- EN SUID-KAAP 2025

**PJA Lombard, L Smorenburg en J Strauss**

## Inleiding


Gedurende 2025 is daar by vyf lokaliteite in beide die Swartland en Suid-Kaap proewe aangeplant. Op die Langgewens- en Tygerhoek-navorsingsplase is twee saaidatumproewe, asook 'n Elite-proef gevestig. Al die proewe in die Suid-Kaap is gedurende die 2025-seisoen ge-oes, hoewel nie almal volledig by die datastel ingesluit is nie (Slegs, TT, TC, CT en TTI kultivars is ingesluit). In die Swartland is al die proewe ge-oes, maar die opbrengs by Pools was besonder laag. 'n Totaal van 18 kultivars is getoets. Die kultivars het bestaan uit drie konvensionele, sewe Clearfield (Cl, Imasamoks-tolerant) en vyf TT-kultivars (Triasien-tolerant). Daarbenewens is drie kombinasietipe kultivars, met beide Cl- en TT-toleransie, ingesluit, die kultivars word as CT, TC of TTI aangedui. In 2025 is twee nuwe kultivars - Nuseed Griffon TTI en PY432T - vir die eerste keer getoets. Soos gedurende die afgelope paar seisoene, was al die kultivars basters.

## Klimaat


Die 2025-seisoen op Langgewens is gekenmerk deur 'n baie droë periode teen die einde van die groeiseisoen (Figuur 1). Die totale reënval was 55 mm minder as die langtermyn-gemiddelde. Tydens Augustus en September het 34.8 mm minder reën geval as die langtermyn-gemiddelde, wat nadelig was vir graanproduksie. Die enigste betekenisvolle reënval in September het op 15 September voorgekom, naamlik 12 mm. Die totale reënval gedurende die 2025-groeiseisoen was 242 mm (teenoor 360 mm in 2024), vergeleke met 'n langtermyn-gemiddelde van 297 mm.

Die gemiddelde temperature was laer as die langtermyn-gemiddeldes, hoewel nie baie nie (Figuur 2). Die gemiddelde maksimum en minimum temperature was onderskeidelik 0.4°C hoër en 0.5°C laer as die langtermyn-gemiddeld. Augustus en September is kritieke maande weens blom en saadvulling en dit was slegs 0.2°C warmer as normaal. Hoewel die seisoen droër was, was temperature oor die algemeen baie naby aan die verwagte patroon. Teen die einde van die seisoen ($27^{ste}$ en $30^{ste}$ September) het die maksimumtemperatuur slegs twee keer bo 28°C gestyg, wat nadelig vir saadproduksie is.

Heelwat produsente kon reeds ná die reën op 8 April plant, wat 'n positiewe invloed op opbrengs gehad het. Die Swartland het gevolglik 'n bogemiddelde canola-oes gelewer.




**Figuur 1:** Maandelikse reënval vir 2025 en die langtermyn totaal (sedert 1964) by Langgewens.





**Figuur 2:** Die 2025 maandelikse minimum- en maksimum temperature sowel as die langtermyn temperature (sedert 1964), by Langgewens.

Op Tygerhoek in die Suid-Kaap was die reënval gedurende die 2025-groeiseisoen, 101 mm minder as die langtermyn-gemiddelde van 313 mm (2024 was dit 86 mm meer as die gemiddelde) (Figuur 3). In April het 60.4 mm reën geval, wat gunstig was vir vroeë vestiging. Tydens Mei het die proefplaas 11 mm minder reën as die langtermyn-gemiddelde ontvang.


Die grootste uitdaging vir gewasproduksie het in Augustus en September voorgekom, toe slegs 15.9 mm reën opgeteken is, vergeleke met die langtermyn-gemiddelde van 83.8 mm. In die oostelike

produksiegebiede was die reënval selfs minder as by Tygerhoek (Riviersonderend). As gevolg hiervan het canola-opbrengste onder groot druk gekom en was dit laer as die langtermyn-gemiddelde.




**Figuur 3:** Maandelikse reënval vir 2025 sowel as langtermyn totaal (sedert 1966) by Tygerhoek.

By Tygerhoek was die temperature aanvanklik baie naby aan die langtermyn-gemiddelde. Die maksimum temperature gedurende Augustus en September was egter 1.7°C hoër as die langtermyn-gemiddelde, terwyl die minimum temperature 0.1°C laer was. Gedurende hierdie twee maande het daar 10 dae voorgekom waarop die maksimumtemperatuur bo 28°C gestyg het, wat nadelig is vir Canola. Die kombinasie van 'n baie droë blom- en saadvulstadium, tesame met die hoë maksimumtemperature, het 'n duidelik negatiewe uitwerking op die saadvulperiode gehad.




**Figuur 4:** Die 2025 maandelikse minimum- en maksimum temperature sowel as die langtermyn temperature (sedert 1964), by Tygerhoek.

**Resultate**

Die opbrengsresultate vir die Swartland word opgesom in Tabel 1 en Figuur 2. Die Clearfield (Cl)- en Triasientolerante (TT)-kultivars se data word afsonderlik van die konvensionele kultivars aangebied. Die CT- en TC-kultivars is by die TT-groep ingedeel.

**Swartland**

In die Swartland het die gemiddelde opbrengs tussen 3026 kg $ha^{-1}$ (Langgewens, 1ste saaidatum) en 1796 kg $ha^{-1}$ (Eendekuil) gewissel. Die meeste proewe het kort na aanplanting ontkiem.

Die konvensionele kultivar CC90014 (2957 kg $ha^{-1}$) het, soos in die voorafgaande drie seisoene, die hoogste gemiddelde opbrengs gelewer, gevolg deur Diamond (2726 kg $ha^{-1}$) en Quartz (2638 kg $ha^{-1}$). CC90014 se opbrengs was statisties betekenisvol hoër as dié van Diamond en Quartz.

In 2025 is sewe Cl-kultivars geëvalueer. 44Y94 Cl (2827 kg $ha^{-1}$) het die hoogste opbrengs gelewer, gevolg deur Solstice Cl. PY421Cl het, anders as in die vorige twee seisoene (was 1ste geplaas), die derde hoogste opbrengs in die groep behaal. Hierdie drie kultivars het nie statisties betekenisvol van mekaar verskil nie. Die 2025-groeiseisoen het baie droog geëindig met ondergemiddelde reënval, wat nadelig was vir kultivars soos 45Y95. Langgroeiende kultivars word tipies bevoordeel in langer, vogtiger seisoene. By Philadelphia, waar vog en temperature langer gunstig gebly het, was 45Y95 wel die hoogste opbrengskultivar in die betrokke proef.

Binne die TT-groep, wat die CT-, TC- en TTI-kultivars insluit, het PY429TT (2603 kg $ha^{-1}$), HyTTec Trophy (2509 kg $ha^{-1}$) en PY520CT (2464 kg $ha^{-1}$) die hoogste opbrengste gelewer. Die drie kultivars het nie statisties betekenisvol van mekaar verskil nie. PY429TT se opbrengs was hoër as die Swartland-gemiddeld vir al die kultivars. Die gemiddelde opbrengs van die TT-kultivars was onderskeidelik 7.3% en 13.2% laer as dié van die Cl- en konvensionele kultivars. In 2024 was die TT-opbrengs 12% laer as dié van beide groepe, en in 2023, onderskeidelik 13% en 18% laer.


**Suid-Kaap**

In die Rûens (Figuur 2 en Tabel 2) was die proefgemiddeldes by Klipdale die beste (2963 kg $ha^{-1}$), gevolg deur Tygerhoek (2399 kg $ha^{-1}$). Die gemiddelde proefopbrengs was 2521.8 kg $ha^{-1}$ teen oor 3274 kg $ha^{-1}$ (2024), 3204 kg $ha^{-1}$(2023), 2124 kg $ha^{-1}$ (2022) en 3271 kg $ha^{-1}$ in 2021.

**Tabel 1:** Swartland opbrengs vir 2025 (kg $ha^{-1}$)

| | Langgewens 1 | | Langgewens 2 | | Philadelphia | | Malmesbury | | Hopefield | | Eendekuil | | Swartland | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 9 Mei | | 21 Mei | | 14 Mei | | 14 Mei | | 15 Mei | | 13 Mei | | | |
| **Diamond** | 3215 | bcde | 2747 | abc | 2615 | bcdefg | 2979 | abc | 2414 | def | 2392 | a | 2726 | bcd |
| **Quartz** | 3297 | bcd | 2614 | bcde | 2375 | efgh | 3074 | a | 2360 | def | 2106 | bc | 2638 | cde |
| **CC90014** | 3748 | a | 2852 | ab | 2928 | abc | 3033 | ab | 3125 | a | 2055 | bcd | 2957 | a |
| **Konv.-gem.** | **3420** | | **2737** | | **2639** | | **3029** | | **2633** | | **2184** | | **2773** | |
| **44Y94** | 3408 | abc | 2941 | a | 3002 | ab | 2761 | abcde | 2665 | bcd | 2186 | ab | 2827 | ab |
| **45Y95** | 2623 | f | 2297 | fg | 3066 | a | 2685 | abcde | 2180 | efg | 1998 | bcde | 2485 | fghij |
| **PY421C CI** | 3730 | a | 2612 | bcde | 2588 | cdefg | 2947 | abcd | 2483 | cdef | 2092 | bc | 2742 | bcd |
| **Solstice CI** | 3445 | abc | 2678 | bcd | 2857 | abcd | 2618 | cdef | 2971 | ab | 1938 | bcde | 2751 | bc |
| **Ceres CI** | 2996 | def | 2330 | fg | 2317 | fgh | 2200 | g | 2502 | cde | 1959 | bcde | 2384 | ijkl |
| **Continuum CI** | 2893 | ef | 2383 | efg | 2743 | abcde | 2578 | defg | 2665 | bcd | 2106 | bc | 2555 | efgh |
| **Equinox CI** | 3554 | ab | 2218 | g | 2525 | defgh | 2923 | abcd | 2351 | def | 2072 | bcd | 2607 | def |
| **CI-gem** | **3236** | | **2494** | | **2728** | | **2673** | | **2545** | | **2050** | | **2622** | |
| **Blazer TT** | 2937 | def | 2417 | efg | 2343 | fgh | 2480 | efg | 2277 | defg | 1746 | ef | 2367 | jkl |
| **HyTTec Trophy** | 3097 | cde | 2302 | fg | 2240 | gh | 2934 | abvd | 2858 | abc | 1818 | def | 2509 | efghi |
| **HyTTec Trifecta** | 2903 | def | 2242 | g | 2673 | bcdef | 2892 | abcd | 2082 | fg | 1779 | ef | 2428 | hijkl |
| **PY429TT** | 3248 | bcde | 2545 | cdef | 2690 | abcdef | 2971 | abcd | 2522 | cde | 1884 | cde | 2603 | defg |
| **PY432T** | 3118 | cde | 2442 | defg | 2177 | h | 2623 | cdef | 1912 | g | 1615 | f | 2315 | l |
| **Defender CT** | 2888 | ef | 2354 | fg | 2421 | efgh | 2255 | fg | 2324 | def | 1741 | ef | 2331 | kl |
| **PY520 TC** | 2916 | def | 2371 | efg | 2746 | abcde | 2400 | efg | 2453 | cdef | 1897 | cde | 2464 | ghijk |
| **Griffon TTI** | 3098 | cde | 2378 | efg | 2343 | fgh | 2649 | bcdef | 2381 | def | 1892 | cde | 2457 | hijk |
| **TT-gem.** | **3026** | | **2381** | | **2454** | | **2651** | | **2351** | | **1796** | | **2434** | |
| **Gemiddeld** | **3173** | | **2484** | | **2592** | | **2722** | | **2474** | | **1960** | | **2564** | |
| **kbv** | 399.91 | | 249 | | 390.62 | | 398.12 | | 408 | | 265.48 | | 141.32 | |
| **kv** | 7.38 | | 5.87 | | 8.96 | | 8.81 | | 9.81 | | 8.16 | | 8.3 | |

Kultivars gemerk met dieselfde letter verskil nie betekenisvol van mekaar nie.




**Figuur 1:** Swartland opbrengste vir 2025 (kg $ha^{-1}$)

Die Suid-Kaap het 'n droë seisoen beleef, met 'n besonder droë peulvulstadium. Dit het uitdagings vir beide onkruidbeheer en bemestingbestuur geskep. Die konvensionele kultivar Diamond (2981 kg $ha^{-1}$) het die hoogste opbrengs in die groep gelewer, gevolg deur CC90014 (2861 kg $ha^{-1}$) en Quartz. Soos in 2024 is daar geen statisties betekenisvolle verskille tussen hierdie drie kultivars waargeneem nie.

Binne die CI-groep het PY421CI (3416 kg $ha^{-1}$) die hoogste opbrengs gelewer. 44Y94CI (3045 kg $ha^{-1}$) was tweede, gevolg deur 45Y95 (2989 kg $ha^{-1}$), Continuum CI, en Equinox CI (2905 kg $ha^{-1}$). Al hierdie kultivars se opbrengste was betekenisvol laer as dié van PY421CI.


Anders as in die vorige seisoen het Diamond in beide streke die kort groeiseisoen tot sy voordeel benut en goeie opbrengste gelewer. Ceres CI, ook 'n vinnige kultivar, kon egter nie die korter seisoen effektief benut nie.

In die TT-groep het PY429TT (2800 kg $ha^{-1}$) betekenisvol hoër opbrengste gelewer as al die ander TT-, TC-, CT- en TTI-kultivars. PY429TT was ook die beste kultivar in die Swartland. Die res van die TT-kultivars het nie statisties betekenisvol van mekaar verskil nie. Die gemiddelde opbrengs van die TT-kultivars was onderskeidelik 13.6% en 13% laer as dié van die konvensionele en CI-kultivars. In 2024 was die verskille 11% en 12%.

Tabel 2: Suid-Kaap opbrengs vir 2025 (kg ha$^{-1}$)

| | Tygerhoek 1 | | Klipdale | | Roodebloem | | Suid-Kaap | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 19-Apr | | 15-Apr | | 8 Mei | | | |
| **Diamond** | 3027 | b | 3111 | cdef | 2806 | a | 2981 | bc |
| **Quartz** | 2860 | bcd | 3236 | bcde | 2393 | bcd | 2830 | c |
| **CC90014** | 2637 | cde | 3463 | b | 2484 | abc | 2861 | bc |
| **Konv.-gem.** | 2841 | | 3270 | | 2561 | | 2891 | |
| **44Y94** | 2571 | de | 3788 | a | 2776 | a | 3045 | b |
| **45Y95** | 2396 | efg | 3929 | a | 2641 | ab | 2989 | bc |
| **PY421 Cl** | 3582 | a | 3935 | a | 2732 | ab | 3416 | a |
| **Solstice Cl** | 2604 | cde | 3167 | cdef | 2086 | d | 2619 | de |
| **Ceres Cl** | 2184 | fg | 3016 | cdefg | 2481 | abc | 2560 | e |
| **Continuum Cl** | 2967 | bc | 3257 | bcd | 2490 | abc | 2905 | bc |
| **Equinox Cl** | 2967 | bc | 3257 | bcd | 2490 | abc | 2905 | bc |
| **-gem** | 2753 | | 3478 | | 2528 | | 2920 | |
| **Blazer TT** | 2190 | fg | 2947 | efg | 2153 | cd | 2460 | e |
| **HyTTec Trophy** | 2550 | def | 2764 | g | 2097 | d | 2470 | e |
| **HyTTec Trifecta** | 2342 | efg | 3066 | cdef | 2083 | d | 2497 | e |
| **PY429TT** | 2605 | cde | 3101 | cdef | 2694 | ab | 2800 | cd |
| **PY432T** | 2498 | defg | 2457 | h | 2471 | abc | 2475 | e |
| **Defender CT** | 2137 | g | 3125 | cdef | 2121 | cd | 2504 | e |
| **PY520 TC** | 2470 | efg | 3307 | bc | 1568 | e | 2448 | e |
| **Griffon TTI** | 2397 | efg | 2940 | fg | 2222 | cd | 2519 | e |
| **TT-gem.** | 2399 | | 2963 | | 2176.13 | | 2521.8 | |
| **Gemiddeld** | 2590 | | 3201 | | 2361 | | 2721 | |
| **kbv** | 373.9 | | 290.9 | | 370.8 | | 194.6 | |
| **kv** | 8.6 | | 5.5 | | 9.3 | | 7.6 | |

Kultivars gemerk met dieselfde letter verskil nie betekenisvol van mekaar nie.




**Figuur 2:** Suid-Kaap opbrengste vir 2025 (kg $ha^{-1}$)

## Gevolgtrekking

Dit bly noodsaaklik om goed aangepaste kultivars te plant. Die 2025-seisoen was merkbaar korter en droër as die voorafgaande twee seisoene, maar canola het weereens sy aanpasbaarheid by plaaslike klimaatsomstandighede bevestig.

PROTEÏENNAVORSINGSTIGTING
PROTEIN RESEARCH FOUNDATION

**Redaksie:** PJA Lombard, J Bruwer, Franco le Roux

***Geborg deur die Proteïennavorsingstigting***

Besoek die PNS se webblad by www.proteinresearch.net vir vorige uitgawes van nuusbriewe en pamflette.